Leipie Nuus

3 – 7 SEPTEMBER 2018

Laerskool Louis Leipoldt
Tel no: 012-664 5798/9 Faks no: 012-664 2155
Epos: admin@louisleipoldt.co.za Finansies: finansies@louisleipoldt.co.za

Nommer 24/2018

Program vir die week

Ma 3 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:45-15:00, o/10-o/13 vanaf 13:40-14:30
Sagtebal:	o/12, o/13 Distriksproewe (tuis)
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Wedstryde seuns oop A1 Loslootjie, seuns oop A2 vs Waterkloof Prim, seuns oop B2 vs Rooihuiskraal, o/11 seuns A vs Tygerpoort, o/11 seuns B1 vs Midstream College, o/11 seuns C1 vs Constantiapark, o/11 seuns C3 Elarduspark, dogters oop B2 vs Garsfontein, dogters oop C1 vs Rooihuiskraal, o/11 dogters D2 vs Glenstantia
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Musiekblyspel:	**Oefening openingsdans vanaf 16:00-17:15 - kleedrepetisie**
Voortrekkers:	Byeenkoms - Voortrekkersaal, Gloverlaan

Di 4 September

Krieket:	Oefening o/9 vanaf 13:40-14:30, o/10-o/11 vanaf 13:45-15:15 Wedstyde vs L/s Skuilkrans o/13 (weg), o/12 (tuis)
Sagtebal:	o/12, o/13 Distriksproewe te L/s Danie Malan
Hokkie:	Oefening vanaf 15:00-16:00
Tennis:	Oefening o/11 seuns, oop dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion Foto word van Gautengspan geneem. Onthou jou klere
Skaak:	Afrigting vanaf 14:15-15:15

Wo 5 September

Jnr koor:	Oefening vanaf 13:40-14:30
Snr koor:	Oefening vanaf 13:50-14:50
Sosiale skaak:	Direk na skool tot 14:30 in Me Booyse se klas
Musiekblyspel:	**Oefening praatrolle vanaf 16:00-17:00 - klankrepetisie**
KIX Klub:	Gr 4-7 leerders 1ste pouse in die saal
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion
Krieket:	Wedstryd vs L/s Skuilkrans o/9 (weg)
Sagtebal:	o/12, o/13 Distriksproewe te L/s Villieria

Do 6 September

Krieket:	Oefening o/12-o/13 vanaf 13:45-15:15 Wedstryde vs L/s Skuilkrans o/10 (tuis), o/11 (weg)
Hokkie:	o/13 wedstryd vs Die Krans (weg)
Tennis:	Oefening o/12, o/13 oop seuns, o/11 dogters vanaf 15:15-16:00
Landloop:	Oefening 14:15-15:15 H/s Centurion

Vr 7 September

Sa 8 September

Landloop:	SA's te PE

UIT DIE KANTOOR:
Musiekblyspel kaartjies steeds elke dag te koop in die kantoor vanaf **7:30-8:30 en weer vanaf 13:00-14:00.**

Belangrike inligtingsbrief word Maandag 3 September aan alle musiekblyspel deelnemers uitgedeel. Maak asb seker van tye, wagklasse en ander reëlings.

'n Nuwe opgedateerde program vir September is op die webblad en kommunikeerder.

Baie geluk aan ons sagtebalspanne wat ligawenners is.

Baie sterkte aan ons 13 landloopatlete wat Saterdag aan die SA's te Port Elizabeth deelneem. Ons is trots op julle - hou ons naam hoog!

Prestasies

Baie geluk met die volgende mooi prestasies:

(Vormpies en Medaljes wat uitgedeel moet word na Me A v Rensburg – Maandae voor saalopening)

Sagtebal: o/10, o/12, o/13 wen vs L/s Tygerpoort. Die spanne is ook ligawenners.
Landloop: Shanike Jordaan, LD Dekker ingesluit in die Gauteng Noordspan wat aan die SA's gaan deelneem.
Afrikaanse Kunsvereniging van Pretoria:
Gr 2 Voordrag: Reylin Eskteen A, Teryn Farla A, Annabell Sehhen A, Lianka Hoffman A, Lea Nel A, Kaitlin Baird A, Louisa Maritz A, Tatum Lemmer A, Eben Kotzee A, Marnu Bezuidenhout A, Milan Klopper A+.
Gr 3 – Chandoné Britz Voorgeskrewe poësie A+, eie keuse poësie A, Vianri de Jager Voorgeskrewe poësie A, eie keuse poësie A
Gr 4 – Adain Oosthuyzen Voorgeskrewe poësie A, eie keuse poësie A.
Departementele toetse skoolwenners:
Magrietjie Rabie Gr 3- Lewensvaardigheid wenner, Eduan Kirsten Gr 3- Annual Mathematics Challenge skoolwenner. Deur by Clusteruitdunne. Neem 5 Sept deel aan Distriksuitdaging.
Rynhardt Venter Gr 3- Annual Spellaton skoolwenner. Dring deur by Clusteruitdunne. Neem 6 Sept deel aan Distriksuitdaging.
Josua Markram Gr 6- Sosiale Wetenskappe – skoolwenner.
Skaak: Stiaan Grünenfelder neem deel aan Ekuhruleni Skaakkampioenskappe asook Tshwane Waterkloof Skaakkampioenskappe.
Dans: Artisticulta Kunswedstryd - Heike Beyers- Ballet Solo A, Duet A, Hip-Hop Duet A+, trofee vir kategorie wenners, Groep A++, Solo A+, Modern Groep A++, Duet A, Solo A

BELANGRIKE DATUMS:
24 September: Vakansiedag - Erfenisdag
27 September: o/10 krieketwedstryd vs L/s Rooihuiskraal
17-20, 25-27 September: Musiekblyspel

L/s Louis Leipoldt 70 jaar – 'n stukkie geskiedenis:

In 1972 het die skool 4 kore en 'n slagorkes ingeskryf by Kunswedstryd van Pretoria. Na die groot sukses daar behaal is die kore vir 'n langspeelplaat opgeneem. Mnr Hoffman was die kultuurhoof. Die plaat is in 2008 op CD oorgesit vir die 60 jaar feesvieringe.

KLEREWINKEL:
Die klerewinkel aanvaar kontant, debiet- en kredietkaarte.

Ons winkel is by die Hervormde Kerk in Napierstraat 103 (skuins oorkant die Poskantoor in Lyttelton)

Ons verkoop skoolrokke, spanbroeke, baadjies, sweetpakbroeke, truie, oortrektruie, kouse, gholfhemde, kriekethemde en die Gr R hemde.

Winkelure: Maandae tot Donderdae = 13:30 tot 17:30
Saterdae = per afspraak

Enige navrae Berthie van Genderen 073 147 5705

MUSIEKBLYSPEL:
Alle uitstaande vir die musiekblyspel moet nou vereffen wees. R400 (registrasiefooi ingesluit) per deelnemers en in die geval van meer as een kind per gesin is die bedrag R350 per deelnemer. **Geen kostuums sal uitgegee word indien die volle bedrag nie betaal is nie.**

VERLORE GOEDERE:
Ouers en leerders moet asb in die verlore goedere kas op die vierkant kom soek na verlore items. Ons vra ouers om asb **alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk, dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word.** Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie.

MAKRO/MY SCHOOLKAARTE:
Baie dankie aan al ons ouers vir hulle volgehoue ondersteuning. Ons wil ouers wat nog nie Makro en My School kaarte het nie aanmoedig om aansoek te doen vir een. Doen asb aansoek by Me v Rensburg vir 'n My Schoolkaart. U ontvang dadelik u My School kaart. Indien u reeds 'n Makrokaart het en dit aan die skool wil koppel, kan u dit by die navraag toonbank in Makro doen, dit is 'n vinnige proses.

Baie dankie

P FERREIRA
HOOF

OUERS OP DIE SKOOLTERREIN:
Ons doen 'n beroep op u om by die wag in te teken indien u die skool besoek gedurende skoolure, en dan by die kantoor aan te meld. U kan nie net op die skoolterrien rondbeweeg gedurende skoolure nie, aangesien dit probleme skep met die sekuriteit van ons kinders. Terwille van veiligheid mag leerders geen items deur die heining van enige persone neem nie.

TOEDIEN VAN MEDIKASIE:
Ouers moet asb kennis neem dat ***geen medikasie*** deur die kantoorpersoneel aan leerders toegedien mag word nie. Ouers mag medikasie met 'n toestemmingsbriefie saamstuur (ook hoeveel en hoe laat dit toegedien moet word). By Gr R - 3 leerders sal die personeel help om dit toe te dien en dit in die klas bewaar. Ouer leerders moet dit self neem. In ander gevalle van ongesteldheid sal die ouers geskakel word.

SPORTSAKKE/PETTE:
Daar is weer geleentheid om sportsakke en pette te bestel. Indien u belangstel om te bestel sien asb inligting op die webblad. Inligting kan ook by Ontvangs afgehaal word.

KOPLUISE:
Die epidemie is hoogs aansteeklik en versprei baie maklik na ander kinders se koppe. Ons vra die ouers se samewerking om seker te maak dat u kind/ers se koppe skoon is van enige nete en kopluise. Een leerder in die klas kan die ander aansteek. Ouers wat moeite doen en onkostes aangaan raak ongelukkig wanneer hul kinders weer by klasmaats aansteek. Dit is departementele beleid dat leerders met kopluise of nete nie die skool mag bywoon alvorens die kop nie heeltemal skoon is nie

PRESTASIE TOEKENNINGS: UITDEEL IN SAAL ***Datum:*** _____
(Dui asb aan of medalje/sertifikaat saamgestuur word)

My kind _____ in Graad_____ het op _____ die volgende

toekenning ontvang vir _____

_____

_____
(Handig briefie in by Me van Rensburg - K45)

_____
HANDTEKENING: OUER